



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| | |
|------------------|---|
| DISTRIK: | TSHWANE-NOORD (D3) |
| SKOOL: | Hoërskool Staatspresident C. R. Swart |
| DATUM: | 2021/ / |
| VAK: | Afrikaans Eerste Addisionele Taal |
| GRAAD: | 10 |
| TAAK 4 | <i>Vraestel 4: Mondeling</i> Vorbereide toespraak |
| PUNTE: | 20 |
| TYDSDUUR: | 2 - 3 minute |

BEPLANNING, NAVORSING EN ORGANISERING

- Lees vooraf die opdrag deeglik en onderstreep die kernwoorde.
- Kies jou onderwerp sorgvuldig deur aandagtig te luister wanneer jou onderwyser die verskillende onderwerpe bespreek en verduidelik. Skryf alles neer wat jy reeds van elke onderwerp weet.
- Maak potloodaantekeninge tydens hierdie bespreking.
- Neem deel aan 'n kort bespreking in die klas en kies dan jou onderwerp.
- Jou finale keuse van 'n onderwerp sal deur die onderwyser geverifyeer word.
- Doen sorgvuldig navorsing oor jou onderwerp.
- Gebruik toepaslike hulpmiddels om die gehalte van jou aanbieding te verhoog.
- Handig na afloop 'n netjiese geskrewe of getikte weergawe van jou toespraak in. Slegs gidskaarte is nie voldoende nie.
- Onthou om saam met jou geskrewe/getikte toespraak ook erkenning te gee aan die bronne wat jy geraadpleeg het.

Kies **EEN** van die volgende onderwerpe en lewer 'n voorbereide toespraak van 2 TOT 3 MINUTE daarvoor.

ATKV-temas: (Ekstra punte as jy een van die ATKV-temas kies)

1. MURG (aan die binnekant van 'n been) (marrow)
Idees om jou gedagtes te laat gaan:
Letterlik of Figuurlik
Deur murg en been gaan/dring - Dwarsdeur 'n mens gaan /
deurdringend (Pierce to the marrow)
Figuurlik
In murg en been - Deur en deur/ heeltemal (To the quick)
Murg in jou pype hê – sterk wees/ krag (Be all muscle and bone / Be all
thews and sinews)
Sonder murg wees – Pappbroekig wees / Lafaard (Be spineless)
2. ALTERNATIEF - afwisselend / waarby 'n keuse tussen twee dinge gelaat word
/ een van twee moontlikhede / gedwonge keuse tussen twee dinge
(Alternative)
Figuurlik – Om byvoorbeeld 'n ander leefstyl te leef.
3. ERODEER: Letterlik- Afknaag / langsaam wegvreet / erosie veroorsaak
(to erode)
Figuurlik – 'n Oorheersende vriendskap wat stadig maar seker jou
selfbeeld afbreek.
4. LEES: - dink aan die waarde van lees of beskryf 'n besondere boek wat jy
gelees het met spesiale verwysing na die waarde wat die boek vir jou gehad
het.
5. INSTINKTIEF – onwillekeurig/ onbewus/ onberedeneerd
Byvoorbeeld 'n Baba se suigrefleks is instinktief.
6. SEINE – Tekens om te waarsku, Tekens gee om iets mee te deel, deur seine
bekend maak. Letterlik 'n robot gee rooi, oranje en groen seine om te stop,
stadiger te ry of om te stop. Figuurlik as my punte vir Afrikaans onder 40% in
kwartaal 1 is, is dit 'n sein dat ek harder moet werk, want ek mag dalk druipe.
Ekstra temas:
- 7 Die mense in my lewe. Beskryf ten minste drie persone.
- 8 Hierdie dag was iets besonder.

Let wel: Handig alle bewyse van jou toespraak in as jy dit aanbied.